SENDING EN EENHEID

'n Perspektief vanuit die Ned Geref Kerk*

P G J Meiring

Abstract

Mission and unity: a Dutch Reformed perspective

The decisions on church unity and ecumenical relationships, taken by the Bloemfontein synod of the Dutch Reformed Church (October, 1990) came as a welcome surprise to many and as an unwelcome disappointment to others. The importance of six resolutions adopted by synod, as well as their implications for the mission of the church, are discussed. If Christians were to fulfil their calling in this respect, the author contends, they will have to learn to look in a new way in five directions: at one another; at their own hearts; at new models for unity, at the local church; and, finally, at God Himself.

1 Bloemfontein, Oktober 1990

Toe die sinode opstaan om Gesang 245 te sing, was die knop in my keel te groot. Ek kon die woorde nie uitkry nie, maar met my hele hart het ek saamgesing:

> 'Ek bely 'n kerk wat heilig,
> Christelik is en algemeen,
> in geloof en hoop en liefde
> en in heilsverwagting één,
> ook die heil'ges se gemeenskap -
> één van sin en één van hart;
> delend in mekaar se vreugde
> delend in mekaar se smart.'

*Rede gelewer tydens die predikantekonferensie van die Teologiese Fakulteit (Afd B) van die Universiteit van Pretoria op 30 Januarie 1991.

"Met die besluit wat Saterdagaand geval het, het die Nederduitse Gereformeerde Kerk begin om die breuk wat amper honderd en vyftig jaar gelede geslaan is, te heel. Toe die sinode, byna eenstemmig daarby, besluit om die ideaal van eenheid met die ander lede van die Ned Geref Kerkfamilie sy eie te maak, het ek geweet: uiteindelik het ons die 'swakheid van sommige', die hartseer van 1857, agterhaal".

Professor Johan Heyns, assessor van die sinode van Bloemfontein, kon nie uitgepraat raak oor die besluite wat tydens die vergadering wat van 16-28 Oktober 1990 gehou is, geneem is nie.

Die moderator, professor Pieter Potgieter, was net so in sy skik met die besluite van die sinode. "Nou het die Ned Geref Kerk geloofwaardigheid aan sy ideaal gegee om een te word met die NG lidkerke", was die kommentaar van dr Dirk Hattingh, moderator van Wes-Kaap. "'n Wonderwerk, 'n duidelike ingryping van die Here self", skryf die redakteur van *Die Kerkbode*[1] wat as skriba van die sinode self aan die groen tafel sy plek ingeneem het.

Van die verteenwoordigers van die ander kerke van die Ned Geref Kerkfamilie was egter minder entoesiasties.

Oktober was ook vir hulle 'n maand van drama en ingrypende beslissings. Veertien dae vroeër, in Kaapstad, het die sinodes van die Ned Geref Sendingkerk en die Ned Geref Kerk in Afrika byeengekom, ook om oor kerkeenheid te praat en te besluit. Ernstige debatte is gevoer, kerkregtelike struikelblokke om onmiddellik tot kerkvereniging oor te gaan, het opgeduik en moes op een of ander wyse opgelos word. Uiteindelik, op die 4de Oktober 1990, kon die afgevaardigdes van die twee jonger kerke in Belhar byeenkom om formeel die vereniging van die twee kerke, die totstandkoming van die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider Afrika, aan te kondig.

Die vreugdevure het hoog gebrand. Na al die jare was die mure van kerklike apartheid aan die verkrummel. Die Ned Geref Kerkfamilie was besig om weer een kerk te word!

Vrae was daar egter ook: Wat het presies op 4 Oktober gebeur - is daar werklik al tot eenheid oorgegaan of is die voorneme om een te word slegs bevestig? Wat van al die kerkregtelike probleme wat deur die sinode van die Ned Geref Kerk in Afrika hanteer is - sê nou maar dit word in die hof betwis? Wat van gemeentes, miskien selfs sinodes, wat om watter redes ookal nie geneë sou wees om deel te vorm van die Verenigende Gereformeerde Kerk nie? Wat van die Reformed Church in Africa? En, les bes, die groot vraag: wat van die "moederkerk"? Gaan die Ned Geref Kerk na al die jare van skynbare besluitloosheid deel word van die een kerk? Was daar 'n kans

dat die Ned Geref Kerk sy lot by die van die Verenigende Gereformeerde Kerk sou ingooi? Wou die Ned Geref Kerk werklik een wees? Al die oë was op Bloemfontein: wat gaan die sinode besluit?

Jammer genoeg was, soos ons alreeds gesê het, die eerste reaksie op die besluite van Bloemfontein nie oormatig positief nie. Terwyl professore Potgieter en Heyns - en saam met hulle die groot meerderheid van die sinodegangers - die Here geloof het vir die standpunte wat tydens die sinode ingeneem is, vir die besluite wat uiteindelik geval het, was die redakteur van *Die Ligdraer*, amptelike orgaan van die NG Sendingkerk, minder in sy skik met die besluite van die sinode, veral omdat die Ned Geref Kerk nie direk reeds besluit het om by die Verenigende Gereformeerde Kerk aan te sluit nie. Sy kritiek was vlymskerp: "Die indruk ... word geskep dat die bus weer verpas is, dat die trein weer die stasie verlaat het sonder die NGK. En dit is meer as jammer". Vir die assessor van die NG Sendingkerk, ds Russel Botman, was die besluite van die Bloemfonteinse sinode "gebaseer op die ontduiking van die Belydenis van Belhar. Hiermee het die Ned Geref Kerk gesê dat hy die rug draai op die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika." Ook ds Sam Buti, moderator van die algemene sinode van die NG Kerk in Afrika, was teleurgesteld: die Ned Geref Kerk praat oor strukture terwyl dit in werklikheid oor kerkeenheid gaan.[2]

2 'n Sestal besluite

Waaroor het die besluite, waaroor daar soveel meningsverskil was, presies gehandel? Wat het gemaak dat die gemiddelde sinodeganger ten spyte van die kritiek vanuit die jonger kerke tog van mening was dat iets dramaties gebeur het, dat die Ned Geref Kerk die *Rubicon* oorgesteek het?

2.1 Hoe sou die Ned Geref Kerk, eerstens, oor die stigting van die Verenigende Gereformeerde Kerk oordeel? In die week of wat ná die afsluiting van die twee sinodes in die Kaap, is daar baie dinge - ook kritiese dinge - in die kerklike pers oor die wyse waarop die kerkvereniging plaasgevind het, gesê. Sou van hierdie kritiese stemme by Bloemfontein gehoor word? het baie gewonder. Sou dit die besprekings negatief beïnvloed? Hulle was verniet bekommerd. Die Bloemfonteinse sinode was heel positief in sy oordeel oor die stigting van die VGK en het aan die moderatuur opdrag gegee om 'n boodskap van die VGK deur te stuur waarin verklaar word dat "die sinode

met groot belangstelling en waardering kennis geneem het van die vordering wat daar die afgelope tyd gemaak is met betrekking tot kerkvereniging tussen die NGSK en die NGKA. Die Algemene Sinode wens die VGK, wanneer dit konstitueer, die rykste seën van die Here toe. Mag die totstandkoming van die VGK die saak van die evangelie van Jesus Christus in ons land en ver buite die grense van ons land in elke opsig dien.[3]

2.2 Oor die ideaal van kerkeenheid is daar baie lank gedebatteer. Sou die Ned Geref Kerk die voorbeeld van die jonger kerke volg? Indien daar wel op kerkvereniging besluit besluit word, watter model sou geïmplimenteer moes word? Uiteindelik is die volgende besluit feitlik eenstemmig geneem:

> "Die Ned Geref Kerk onderskryf die ideaal van een kerkverband tussen die familie van NG Kerke. Die strukture waarin hierdie eenheid gestalte moet kry, is in hierdie stadium nog nie duidelik nie, maar word langs die weg van gesprekke met belanghebbendes uitgewerk. Die Algemene Sinodale Kommissie kry opdrag om deur studie en gesprek met verteenwoordigers van die ander kerke die strukture uit te werk en daaroor aan die sinode van 1994 verslag te doen.[4]

2.3 Die sinode het egter nog verder gegaan. Na aanleiding van paragraaf 250 in die hersiene *Kerk en Samelewing*, waar dit onomwonde gestel word dat "lidmaatskap van alle Ned Geref gemeentes oop is vir enige gelowige wat die belydenis van die kerk aanvaar", is die vraag gestel: geld dit net van individuele gelowiges, of is die kerk ook struktureel oop vir gemeentes, ringe, selfs sinodes, wat deel sou wou word van die Ned Geref Kerk? Dat dit nie bloot 'n akademiese vraag was nie, was duidelik: navrae in dié verband van sowel die Reformed Church in Africa sowel as van die NGKA Sinode van Phororo is ontvang.

Met groot oortuiging het die sinode op 'n "Ja" besluit - struktureel is die Ned Geref Kerk oop, vir lidmate, gemeentes, ringe, ook vir sinodes, vir elkeen in die Ned Geref Kerkfamilie wat in die Ned Geref Kerk 'n tuiste sou wou soek. By herhaling is dit beklemtoon dat hierdie besluit nie téénoor dié van die nastreef van die ideaal van kerkeenheid staan nie, dit is nie 'n kwalik verskuilde poging om tog maar die eis van uiteindelike eenwording met die Verenigende Gereformeerde Kerk te ontglip nie. Die besluit oor oop strukture is aanvullend tot die besluit om uiteindelike kerkeenheid, verduidelik

die redakteur van Die Kerkbode terwyl daar in die rigting van kerkeenheid gewerk word, is die Ned Geref Kerk se deure nou reeds oop.[5]

2.4 'n Volgende besluit wat geneem is, wys hoe ernstig die sinode reeds oor die konsekwensies van bogenoemde besluite geoordeel het. Terwyl die kerke op pad is om een te word, word die oor-en-weer beroepbaarheid van predikante in die Ned Geref Kerk, die Verenigende Kerk en die Reformed Church in Africa bevestig. Niks staan nou meer in die weg dat enige predikant van enige kerk na enige gemeente beroep kan word nie. Waar daar in die verlede eintlik net sprake was van eenrigtingverkeer, van gelegitimeerdes vanuit die vanuit die Ned Geref Kerk na die bediening van die jonger kerke, het tweerigtingverkeer nou moontlik geword.

2.5 Eenheid binne die kring van die Ned Geref Kerkfamilie was egter nie al wat ter sprake was nie. Wyer ekumeniese verhoudings was vir die sinode ook belangrik: bande met oorsese kerke via die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke en die Gereformeerde Ekumeniese Raad, is herbevestig. Maar dit is veral die plaaslike ekumene wat baie aandag gekry het. Die sinode het sy teleurstelling uitgespreek dat daar nog nie - na al die jare - beter vordering gemaak is wat die drie Afrikaanse Kerk betref nie. Aan sy verteenwoordigers op die Interkerklike Kommissie het die sinode opdrag gegee om sy voorneme tot eenwording baie duidelik aan hul kollegas in die Ned Hervormde Kerk en Gereformeerde kerke deur te gee en om die volgende sinode met konkrete voorstelle in dié verband te dien. Die feitlik eenstemmige besluit van die sinode om die Apostoliese Geloofsending nie meer as 'n "sekte" te beskou nie, maar as 'n mede-kerk in ons land, was vir baie 'n aangename verrassing. So ook die besluit om waarnemerstatus by die SA Raad van Kerke aan te vra, en om in gesprek met die Rooms-Katolieke Kerk in die land te tree.[6]

2.6 Laastens: deur die jare het dit duidelik geword dat die tradisionele houding van die Ned Geref Kerk ten opsigte van apartheid nie net teologies en eties onverdedigbaar was nie, maar dat dit die grootste enkele struikelblok in die weg van nouere samewerking en uiteindelike eenwording met die ander lidkerke van die Ned Geref Kerkfamilie was. Ook wat sy verhouding met ander kerke - binnelands en buitelands - betref, was die Ned Geref Kerk se standpunt ten opsigte van apartheid die finale steen des aanstoots. Die baie duidelike afwysing van apartheid deur die sinode - sy onomwonde verklaring

dat die feit dat "die Ned Geref Kerk homself nie veel eerder en duidelik daarvan gedistansieer het nie, as 'n ernstige versuim erken en bely moet word" - behoort egter vir almal daarvan te oortuig dat die kerk dit ernstig bedoel, nie net met sy profetiese roeping in die land nie, maar veral ook met sy verhouding tot die jonger kerke sowel as met sy wyere ekumeniese kontakte.

Hoe radikaal die besluite wat die sinode geneem het was, hoe ver die gewysigde *Kerk en Samelewing* werklik gegaan het, het pas duidelik geword uit die standpunte wat die afgevaardigdes van die Ned Geref Kerk na die historiese kerkeberaad veertien dae later te Rustenburg ingeneem het. Die belydenis wat professor Willie Jonker namens die Ned Geref Kerk gemaak het - en die feit dat die moderatuur van die Algemene Sinode vierkant agter hom gaan staan het met hul verklaring dat sy belydenis volkome in ooreenstemming met die besluite van die pasafgelope sinode in Bloemfontein was - was vir baie 'n skok. Vir ander, weer, was dit 'n welkome bewys dat die Ned Geref Kerk bedoel wat hy sê dat die kerk hom werklik verbind het tot eenheid met die ander lidkerke van die Ned Geref Kerkfamilie, dat die kerk ook graag sy plek binne die wyer gemeenskap van kerke in ons land wil inneem.[7]

Na dertig jaar van toenemende isolasie - sedert die dae van Cottesloe - was die Ned Geref Kerk gereed om weer na buite te beweeg, om die wêreld van die wyer ekumene aan te durf, om saam met ander kerke die uitdagings van die toekoms in 'n nuwe Suid-Afrika te pak.

3 Verwagtings en teleurstellings.

Nie dat die weg van die ekumene die afgelope jare sonder teleurstellings was nie. Aan die begin van ons eeu was daar in die wêreld - en ook in ons eie land - hoë verwagtings van wat alles op die gebied van kerklike samewerking bereik sou kon word. Sowel in 1948, met die stigting van die Wêreldraad van Kerke, sowel as in die vier dekades wat daarop gevolg het, is daar dikwels groot uitsprake gemaak oor alles wat op ekumeniese terrein vermag is. Dat die Ned Geref Kerk as gevolg van baie faktore - maar veral as gevolg van sy ondersteuning van die beleid van Apartheid - baie van die opwinding van om deel te wees van die "hoofstroom" van kerke verbeur het, is deur talle betreur.

Maar, aan die begin van die laaste dekade van die 20ste eeu, raak kerkleiers al hoe meer beskeie oor die prestasies van die ekumeniese beweging.

Die Nieu Seelander, John Bluck, skryf in 'n onlangse amptelike publikasie van die Wêreldraad van Kerke:

> "Veteran ecumenists find themselves with grey hair and only the sketchiest evidence that anything must have come of all those years of co-operating and negotiating. Official ecumenism (whether mainline, headoffice or evangelical electronic) has too often become a devalued currency in the hands of dispirited investors, and the unofficial ecumenism that grows wild tends to end up returning to the same old egos and causes."[8]

Ook in Suid-Afrika het ons soms die teleurstellings van die ekumene beleef, van verwagtings waaraan nie voldoen is nie, van verhoudings wat ten spyte van die heel beste bedoelings skeefgeloop het. En tog mag ons nie moedeloos word en tou opgooi nie, ook nie in ons land nie. John Bluck gaan voort:

> "Yet the need for ecumenical action and reflection, the scandal of denominational empires, the sin of our divisions that scar the body of Christ - all this cries out more loudly than ever. On our TV screens we watch famine grip, black townships burn, soldiers patrol, mobs rampage and politicians reassure! We see the anger of indigenous people at home and ask how much better the church's work of justice and love might have been, had she been less divided and confused".[9]

4 Eenheid en sending

Waarom is dit so belangrik om oor kerkeenheid te praat, veral as die resultate van baie dekades van ekumene relatief min is? Waarom was die sinodebesluite van soveel belang? Waarom mag die Ned Geref Kerk nie afsydig staan teenoor die proses van eenwording wat besig is om binne die Ned Geref Kerkfamilie voltrek te word nie, hom ook nooit van die wyer ekumeniese gesprek in ons land distansieer nie?

4.1 'n Bybelse beginsel is op die spel

Die antwoord is duidelik: die eenheid van die kerk, die gemeenskap van die

heiliges, is nie 'n "luukse" of 'n "ekstra opsie" vir die kerk nie, maar maak deel van die wesenseienskappe van die kerk van die Here Jesus Christus op aarde uit. So ernstig word die eenheid van die kerk deur die Ned Geref Kerk beskou, dat 'n hele paar bladsye in die hersiene *Kerk en Samelewing* daaraan gewy word (van par 72 tot 94). "Die kerk is van oorsprong een in God Drieenig en moet hierdie eenheid te midde van die verskeidenheid in God se skepping en onder God se volk en in die verskeurde werklikheid soek, dien en sigbaar maak" (par 72). Die Ou Testament, die hele Nuwe Testament, so gaan *Kerk en Samelewing* voort, eis van ons dat ons die eenheid van alle gelowiges sal nastreef.

Uiteindelik - en vir die doel van hierdie referaat van groot belang - is die eenheid van die kerk veral ook ter wille van die sending van die kerk 'n *sine qua non*. *Kerk en Samelewing* stel dit, met 'n verwysing na die hoëpriesterlike gebed van die Here in Johannes 17, so: "... die sigbare openbaring van die eenheid van sy kerk is vir Christus van groot belang, 'sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het'. Die duidelike, waarneembare eenheid van die kerk is vir die wêreld 'n bevestiging van die waaragtigheid van Jesus se sending en die kerk moet dit dus om Christus ontwil soek" (par 82).

Die waarheid en die erns van hierdie stelling is die afgelope dekades male sonder tal bevestig en ook ervaar; eenheid en sending gaan hand aan hand.

4.2 Die kerkreg is op die spel

In die Sendingreglement van die Ned Geref Kerk word dit baie duidelik gestel dat die Ned Geref Kerk nie alleen sendingwerk kan doen nie, maar dat ons ons verbind om oral in die land, asook in die buiteland - waar daar gemeentes van die NG Kerk in Afrika, die Ned Geref Sendingkerk, die Reformed Church in Africa, of van die buitelandse lidkerke van die Ned Geref Kerkfamilie bestaan - nie alleen sendingwerk te onderneem nie, maar dit in samewerking met die jonger kerke aan te pak.

Daar is geen manier waarop ons ons sonder ons broers en susters in die jonger kerke in ons land op die missionêre terrein kan begeef nie, nie as ons eie kerkorde vir ons enige betekenis het nie.[10]

4.3 Die praktyk is op die spel

Afgesien van die prinsipiële en kerkregtelike argumente het die praktyk dit

ook oor en oor bevestig: sonder samewerking met die jonger kerke, sonder groter eenheid, kom ons ten ene male nie die mas op nie - nie in die binneland nie en beslis ook nie in die buiteland nie. Die afgelope jaar of wat bemerk ons 'n nuwe ontwaking in sendingbelangstelling, veral onder die jeug van die Ned Geref Kerk. Waarheen sal ons hulle stuur? Afrika, met sy baie uitdagings, lê oop voor ons - maar, en dit mag ons nooit vergeet nie, die brug na Afrika is ons eie jong kerke.

Mag ek met 'n enkele voorbeeld illustreer wat ek bedoel?

Net meer as tien jaar gelede (Julie 1980) het die Instituut vir Wetenskaplike Navorsing (ISWEN) sy heel eerste kongres aan die Universiteit van Pretoria aangebied. Die gasspreker was die beroemde sendingkenner, biskop Leslie Newbigin. "Biskop Newbigin," het een van die kongresgangers destyds gevra, "watter bydrae kan die Ned Geref Kerk in ons tyd in Afrika lewer? Watter aandeel kan die kerk neem aan die verspreiding van die evangelie op ons kontinent?"

Die biskop, wat goed bewus was van die diep spore wat Ned Geref sendelinge deur die jare in baie Afrika-lande getrap het, was verleë-onwillig om op die vraag te antwoord. Toe die vraagsteller egter aandring op 'n antwoord het Lesslie Newbigin met groot erns verklaar: "Broers, u verwag van my 'n eerlike antwoord, maar ek het gewyfel of ek dit moet gee. U vra na die rol wat die Ned Geref Kerk in die toekoms van Afrika kan speel, maar ek vrees ek moet sê u het geen rol nie! Miskien moet u die wrede waarheid maar onder oë sien: die Ned Geref Kerk het deur die jare so 'n negatiewe reputasie opgebou as die apartheidskerk, die kerk wat met sy strukture en beleid 'n streep deur die eenheid en gemeenskap van die gelowiges trek, wat broers en susters in die Here uitmekaar hou eerder as saamsnoer, dat mense eenvoudig nie meer na u sal luister nie!"[11]

Die situasie het die afgelope dekade dramaties verander - dinge wat die besluite van Bloemfontein en Rustenburg moontlik gemaak het - en die Ned Geref Kerk is inderdaad besig om die kleed van apartheid van om af te werp. Waarskynlik sou die biskop vandag anders oor die Ned Geref Kerk oordeel. Maar die les wat daar te leer is, is meer as duidelik: alleen in die mate wat die kerk daarin slaag om sy belydenis van die gemeenskap van die heiliges konkreet en sigbaar te maak, alleen in die mate wat die Ned Geref Kerk in staat is om werklik met die ander lidkerke van die Ned Geref Familie saam te werk, en alleen en in die mate wat daar 'n opregte eenheidsband tussen wit en swart en bruin lidmate groei, sal die deure na Afrika weer vir ons oopgaan.

Die saak is so eenvoudig: die geskiedenis het oor en oor bewys dat 'n kerk wat nie eenheid en liefde ken nie, 'n struikelblok vir die evangelie is, 'n rede dat die naam van Christus onder die heidene gelaster word (Rom 2:23v). 'n Kerk wat egter een is, wat 'n advertensie van versoening is, het alreeds sy belangrikste argument met die wêreld gewen.

5 Kyk opnuut in vyf rigtings

As dit dan so is dat kerkeenheid van onskatbare waarde is, dat die toekoms van sendingarbeid van hierdie eenheid afhanklik is, hoe moet ons te werk gaan? Hoe sal ons moet optree om die spoke van die verlede te verjaag, om die misverstand tussen kerk en kerk, sowel as tussen broer en broer, te verlig, om die onreg wat oor baie jare gepleeg is, ongedaan te maak? Hoe sal lidmate en kerklike vergaderings binne die Ned Geref Familie in die toekoms teenoor mekaar moet optree as sinodebesluite tot konkrete dade moet oorgaan?

Ek sou graag vyf voorstelle wou maak. Beter gesê, sou ek graag vyf rigtings probeer aandui, waarheen ons ons blik in die toekoms sal moet rig.

5.1 Kyk met nuwe oë na die gespreksvennote

Sedert die begin van 1990 het dinge in ons land definitief verander. Die ou skaakbord waarop die politieke, sosiale en ekonomiese skuiwe in die verlede gemaak is, het verander. Om dit te ontken, beteken om uit pas te wees met die werklikheid. Dieselfde geld van kerklike verhoudings, ook binne die familie van Ned Geref Kerke. Die besluite wat by Bloemfontein geneem is, die kerkeberaad te Rustenburg, alles wat daarna gevolg het, die worsteling van die Ned Geref Kerk om die konsekwensies van sy eie sinodebesluite te te verstaan en te aanvaar, het 'n nuwe stempel op die kerk afgedruk. Om - soos sommige segsmanne van die jonger kerke gedoen het - te wil voorgee asof niks gebeur het nie, asof die Ned Geref Kerk maar net met woorde speel, asof die kerk op sy beste net met kosmetiese veranderinge besig is, is onbillik en ook onwaar.

Net so is dit nodig dat ons besef dat die jonger kerke met wie ons onderhandel lank nie meer die rol van 'n ondergeskikte en afhanklike "dogterkerk" speel nie. Die tyd van paternalisme is verby. Vir baie jare reeds eggo sprekers vanuit die jonger kerke nie meer "his (her) master's voice" nie, maar

word standpunte verdedig wat soms diametraal met dié van die "moederkerk" bots. Om dit duidelik te stel: na die aanvaarding van die Belharbelydenis, en veral na die totstandkoming van die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika, sal die Ned Geref Kerk met nuwe oë moet kyk en met nuwe ore luister na sy broers en susters in die familie. Ou clichés sal heroorweeg moet word, ou oortuigings weer 'n keer onder die loep geneem word, ou vooroordele sal laat vaar moet word. Die Ned Geref Kerk mag hom in die toekoms in die interessante posisie bevind dat hy nie net leiding gee nie, maar soms ook leiding ontvang vanuit die kring van die jonger kerke.

5.2 Kyk met nuwe oë na jou eie hart

Diegene wat by die Rustenburgse beraad teenwoordig was,het vertel hoe, na die belydenis van professor Willie Jonker, nie net die aartsbiskop van Kaapstad nie, maar een kerkleier na die ander opgestaan het om met 'n eie belydenis na vore te kom. Die Engelse kerke het hul aandeel aan die Suid-Afrikaanse situasie, hul houding teenoor die Afrikaanse kerke, na vore gebring. Leiers van die Pinksterkerke het met hartseer bely hoe hulle dikwels hul verantwoordelikheid, om die lig van die Woord ook op die samelewing te laat val, ontwyk het. Swart kerkleiers het met eweveel selfondersoek hul hand diep in hul eie boesems gesteek.[12]

Eintlik kon dit nie anders nie, want waar die Gees van God aan die werk is, word die gelowige gedwing om diep in sy eie hart te gaan kyk. Per slot van rekening is dit een van die redes waarom die Here Jesus sy Gees aan sy kerk beloof het, om ons in die vollewaarheid te lei, om ons te oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel (Joh 16:8vv). Dit pas elke lidmaat van die Ned Geref Kerkfamilie, elke ampsdraer, elke vergadering wat besluite gaan formuleer, elke kritikus wat 'n vlymskerp pen in die toekoms gaan opneem, om die gebed van Psalm 139 sy eie te maak: "Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my en sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad!"

Hoe minder ons met beskuldigende vingers na mekaar wys en meer met ons eie harte in beraad gaan, hoe vinniger sal ons kerklike gesprek en ons eventuele eenwording vorder.

5.3 Kyk met nuwe oë na modelle vir kerkeenheid

Die sinode van Bloemfontein het die ideaal van kerkeenheid aanvaar, alhoe-

wel daar nog nie duidelikheid bestaan oor die presiese model van toekomstige eenheid nie. Aan die Algemene Sinodale Kommissie is dit opgedra om in die volgende vier jaar dringend hieraan aandag te gee, om die volgende sinode met voorstelle te dien. Die onus rus dus op die ASK om, met so 'n wye raadpleging as wat moontlik is, ernstige en dringende aandag aan modelle vir kerkvereniging te gee. Heelparty modelle is al in die verlede voorgelê, veral vanuit die kring van die NG Kerk in Afrika. Met die stigting van die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika het die mees konkrete model egter op die tafel gekom.

Met presies watter voorstelle die ASK na die sinode van Pretoria (1994) sal kom, is nog nie duidelik nie. Persoonlik leef ek in die hoop en met die gebed in my hart dat al die lidmate van die Ned Geref Kerkfamilie in die toekoms nog die vreugde daarvan sal smaak om deel te wees van één kerk - en dat die eenheid in die mees konkrete sin van die woord sigbaar en ervaarbaar sal wees, vanaf die vlak van die plaaslike gemeente tot en met dié van die algemene sinode.

Beteken dit dat daar geen ruimte gelaat moet word vir taal en kultuurverskille, vir die vir die sogenaamde bedieningsbehoeftes van die plaaslike lidmate nie? Vanselfsprekend nie. Die tyd is verby dat 'n mens gedwing voel om te moet kies tussen eenheid en verskeidenheid, asof die twee sake onderling uitsluitend is. Ons mag altwee hê! Eenheid gaan voor, dis deel van ons belydenis, dit het met die wese van die kerk te make. Maar verskeidenheid binne die eenheid mag ons ook hê, dis deel van die welwese van die kerk. Die verskeidenheid mag die eenheid dien en verryk, maar mag dit egter nooit in gevaar stel nie.

In die gesprek oor modelle vir eenheid sal 'n hele aantal moeilike sake aan die orde kom. Een voorbeeld is die voortbestaan van die Federale Raad van NG Kerke, wat in die verlede as 'n baie belangrike skakelliggaam beskou is, nie net tussen die vier lidkerke van die NG Familie binne die RSA nie, maar ook met al die ander "familielede" in die buiteland. Op sy onlangs gehoue sinode, net voor die stigting van die Verenigende Gereformeerde Kerk, het die Ned Geref Sendingkerk besluit om hom eensydig van die Federale Raad te onttrek, en dit wil voorkom asof die eerste sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk die besluit sal bekragtig - wat vanselfsprekend 'n vraagteken oor die voortbestaan van die Raad laat hang. Kan die Federale raad nog "gered" word? Kan die probleme wat van die jonger kerke daarmee ervaar nie uit die weg geruim word nie? Kan ons dit bekostig om so 'n belangrike skakelliggaam prys te gee - juis nou?

Hoe dit ookal sy, die volgende vier jaar gaan van die interessantste in die "konstitusionele geskiedenis" van die Ned Geref Kerkfamilie wees. Daar sal met nuwe oë na die modelle gekyk moet word.

5.4 Kyk met nuwe oë na die plaaslike gemeente

Sinodes neem besluite, maar dit is op grondvlak, in die plaaslike gemeente, waar die eintlike werksaamhede van die kerk plaasvind, waar effektiwiteit en die waarde van die besluite getoets word. Dit is ook wat die eenheidstrewe van die kerk betref van uiterste belang dat daar met nuwe oë na die plaaslike gemeente gekyk sal moet word. Die sinode van Bloemfontein het in dié verband belangrike besluite geneem:

* Dit is van die grootste belang dat gemeentes sal streef na 'n hegter eenheid tussen die lidmate en gemeentes van die Ned Geref kerkfamilie. Kerkrade behoort hierin die inisiatief te neem.
* Gesamentlike nagmaalsvieringe en ander gesamentlike byeenkomste kan vir die beoefening van die gemeenskap van die gelowiges binne die familie van Ned Geref Kerke tot groot seën wees en behoort gereël te word.

Daar bestaan al ringe en gemeentes binne die kring van die Ned Geref Kerkfamilie wat hierdie uitdagings aanvaar het: wat met entoesiasme bruê te bou, wat hul deure en hul harte lank reeds vir mekaar oopgemaak het. Die proses moet wyer kring, sodat wanneer daar op 'n datum besluit word om tot eenwording oor te gaan, gemeentelede dwarsoor die land daarvoor gereed sal wees, dat eenwording nie as 'n onafwendbare, bitter lepel kasterolie afgesluk word nie, maar ervaar word as niks minder nie as 'n voorsmakie van die bruilofsmaal van die Lam.

5.5 Kyk met nuwe oë na God

Uiteindelik, belangrikste van alles, sal ons moet leer om met nuwe oë na die Here God te kyk. Eenheid, werklike eenheid, is nie iets wat georganiseer kan word nie. Ware versoening bereik jy nie deur mense se arms te draai nie. Ware eenheid en versoening is geskenke van God, wat deur sy Gees sy liefde in ons harte uitstort. Mag ek byvoeg: 'n hartgrondige belydenis van indiwidue of van kerke, hoe nodig dit ookal is, is ook nie iets wat een groep van

'n ander kan "eis" nie. Ware berou en bekering en belydenis kom van die Heilige Gees alleen; dit kan nie "gereël" word nie. Daar kan wel om gebid word!

Dit is my ernstige oortuiging dat die Ned Geref Kerkfamilie alleen nader aan mekaar sal kan beweeg, as ons eers, tesame, nader aan die Here beweeg. Ons kan alleen mekaar se hande neem as ons opnuut, elke dag, die hand van die Here vasgryp. Oor formuleringe en besluite en belydenisse kan ons alleen ernstig met mekaar praat as ons met nog groter erns met die Here God daaroor in beraad gaan. Op pad na die blye dag van kerkvereniging pas dit ons om daagliks Paulus se gebed aan die Efesiërs ons eie te maak. "Daarom kniel ek in gebed voor die Vader aan wie die hele gemeenskap van die gelowiges in die hemele en op die aarde sy bestaan te danke het. Ek bid ... dat julle in die liefde gegrondves sal wees. Mag julle in staat wees *om saam met al die gelowiges te begryp* hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God" (Ef 3:14vv).

En omdat eenheid en sending, liefde en verkondiging, altyd hand aan hand gaan, sal ons dan ook op ons knieë die ou gebed mag herhaal dat die Here van die oes arbeiders sal uitstuur. Die oes in ons eie land, in Afrika, dwarsoor die wye wêreld, is so groot en die arbeiders so bitter min.

Mag die Here in sy groot genade nie net gee dat die Ned Geref Kerkfamilie een kerk gaan word nie, maar dat ons almal saam as een arbeidsmag in die oesland van die Here sal aanmeld. Op dié dag, glo ek, sal dit nie net die sinode wees wat opstaan om te sing nie, maar sal die engele in die hemel saamjuig:

"Ons bely 'n kerk wat heilig,
Christ'lik is en algemeen,
in geloof en hoop en liefde
en in heilsverwagting één,
ook die heil'ges se gemeenskap -
één van sin en één van hart;
delend in mekaar se vreugde
delend in mekaar se smart."

Notas

1 Frits Gaum, "Struktureel oop?", *Die Kerkbode* 19 Okt 1990, 4.

2 *Die Ligdraer*, 19 Nov 1990, 6.

3 *Handelinge van die Agste vergadering van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk, Bloemfontein* 16-25 Oktober 1990.

4 *Kerk en Samelewing 1990 - 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk*, Bloemfontein 1990, par 236.

5 Frits Gaum, "Struktureel oop!" *Die Kerkbode* 2 Nov 1990, 8.

6 *Die Kerkbode*, 26 Okt 1990, 3.

7 Pieter Potgieter, "Rustenburg-feite in perspektief", *Die Kerkbode* 23 Nov 1990, 4. Vgl Frits Gaum; "Skuldbelydenis", *Die Kerkbode* 16 Nov 1990, 4, ook Frits Gaum: "Die lang reis van Cottesloe na Rustenburg", *Die Kerkbode*, 16 Nov 1990, 6v.

8 John Bluck, *Everyday Ecumenism. Can you take the world church home?*, Geneve 1987, piii,iv.

9 *Idem*. piv.

10 *Sendingreglement van die Ned Geref Kerk*, aanvaar deur die Alg Sinode, Bloemfontein, 1990.

11 Piet Meiring, "In die konteks van Afrika (Kommentaar)", in: *Stormkompas* (red N J Smit et al), Kaapstad 1981, 8,12.

12 Louw Alberts, "Terugblik op Rustenburg", *Die Kerkbode*, 16 Nov 1990, 5.